

Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
11 November 2009

Sterk rand vuur institusionele beleggers aan om in buitelandse aandeelfondse te belê

Die sterk rand se aanvuring van afluende diversifikasie na buitelandse aandeelfondse het gedurende die derde kwartaal van vanjaar voortgeduur. Dit het gelei tot een van die hoogste netto kwartaalvloei oit na effektrustfondse in buitelandse geldeenhede wat by die Finansiële Diensteraad (FDR) geregistreer is. Dié fondse is sedert einde 1998 aan Suid-Afrikaanse beleggers beskikbaar.

Buitelandse effektrustfondse is gedomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektrustmaatskappye beskikbaar gestel. Sodanige fondse kan net daadwerklik aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word indien dit by die FDR geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in sulke fondse wil belê, moet aan die Reserwebank se voorskrifte voldoen en sal hul vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal gebruik. Laasgenoemde is onlangs van R2 miljoen tot R4 miljoen per individu verhoog.

Buitelandse statistieke van kollektiewe beleggingskemas (CIS) ten opsigte van die derde kwartaal van vanjaar toon 'n netto invloei van R2,8 miljard. Dit bring die totale netto invloei vir 2009 op net meer as R6 miljard te staan. Die netto invloei van die derde kwartaal is effens hoër as dié van die tweede kwartaal. In laasgenoemde kwartaal het effektrustfondse in buitelandse geldeenhede 'n netto invloei van net meer as R2,7 miljard ervaar, volgens mnr. Leon Campher, uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).

Campher wys daarop dat institusionele beleggers egter die grootste kopers in die derde kwartaal was, met individuele beleggers wat vir sowat 20% van die netto invloei verantwoordelik was.

“Hoewel die sterk rand aan beleggers die ideale geleentheid bied om in die buiteland te diversifiseer, het individuele beleggers die versoeking weerstaan om hul geld sonder verwyf na buitelandse fondse oor te dra.”

Omsigtigheid kry voorrang

Plaaslike beleggers het eers onlangs begin om die waarneembare veiligheid van geldmarkfondse vir die potensieel hoër opbrengste van plaaslike aandele te verruil. Volgens Campher is dit dus nie verbasend dat individue nie aan die buitelandse stormloop deelneem nie.

Terwyl die netto invloei na buitelandse effektrustfondse vanjaar betekenisvol gestyg het in vergelyking met vorige jare, bly die vloei na laasgenoemde fondse laag in vergelyking met netto beleggings in plaaslike effektrustfondse. Netto invloei na plaaslike fondse het in die derde kwartaal van vanjaar R15,6 miljard beloop.

Die bestuurde bates van fondse in buitelandse geldeenhede het aan die einde van die derde kwartaal vanjaar R103,9 miljard bedra, met 382 fondse wat beskikbaar was vir plaaslike beleggers wat hul beleggings wou diversifiseer deur hul vergunning ten opsigte van buitelandse valuta te gebruik. Plaaslike effektrustfondse het aan die einde van die derde kwartaal vanjaar bates van R747 miljard bestuur, met 903 fondse wat beskikbaar was.

Buitelandse aandele se bekoring

Die grootste gedeelte van die bestuurde bates van effektrustfondse in buitelandse geldeenhede is in aandeeffondse. Dit is in regstreekse teenstelling met die bateverdeling in die plaaslike effektrustbedryf. Volgens Campher was 69% van die bates van effektrustfondse in buitelandse geldeenhede teen die einde van die derde kwartaal in buitelandse aandeeffondse, 18% was in buitelandse batetoewysingsfondse en net 13% in buitelandse vasterentefondse.

Altesame 23% van die bates van plaaslike effektrustfondse is in aandeeffondse belê, 27% in batetoewysingsfondse en 50% in vasterentefondse.

In die lig van die verskil in opbrengste van buitelandse geldmarkfondse teenoor plaaslike geldmarkfondse is dit nie verbasend nie. Die gemiddelde opbrengste van buitelandse geldmarkfondse is tussen 0,5% en 1%.

“Gegewe die slagting op die wêreldmarkte die afgelope jaar wend beleggers hulle na buitelandse aandeel-effektrustfondse vir blootstelling aan beleggings wat goeie groeiemoontlikhede bied.”

Dit het daartoe gelei dat buitelandse vasterentefondse 'n netto uitvloei van R80 miljoen in die derde kwartaal ervaar het, hoofsaaklik as gevolg van institusionele disinvestering. Institusionele beleggers het ook wegbeweeg van batetoewysingsfondse.

Verslakte valutabeheer en diversifikasie

Campher is van mening dat beleggers nie oorsee moet belê bloot omdat die vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal verhoog is nie, maar omdat hulle waarlik wil diversifiseer.

“'n Belegger se besluit om oorsee te diversifiseer, moet gegrond wees op 'n siening dat 'n deel van sy/haar portefeulje beter oorsee sal vaar as wat dit sou presteer het indien dit in Suid-Afrika gehou is. Wanneer 'n belegger oorsee belê, is dit met die siening dat die rand waarskynlik mettertyd gaan verswak teen die geldeenheid waarin nou belê word. Dié siening sal net lonend wees as die belegger beplan om die geld uiteindelik terug te bring.”

Die tyd is ryp om oorsee te diversifiseer wanneer die rand sterk is, sê Campher. Individuele beleggers neig egter om paniekerig te raak en hul geld in aller yl oorsee te belê wanneer iets verkeerd gaan en die rand na benede tuimel. Indien 'n belegger byvoorbeeld geld oorsee belê het toe die rand in 2001 tot R13,85 teenoor die dollar neergestort het, sou die verliese steeds nog nie verhaal gewees het nie.

“'n Goed gediversifiseerde portefeulje is die enigste manier om op lang termyn beleggingsopbrengste te verdien wat inflasie klop. Die belegger moet egter die regte vlak van diversifikasie met die hulp van 'n vertroude finansiële adviseur beplan. Dié beplanning moet gegrond wees op die beleggingsbehoefte en risikoprofiel en nie op die vergunning ten opsigte van buitelandse kapitaal wat vir die belegger beskikbaar is nie.”

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Leon Campher



Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).